basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## EKONOMIE V1

## MEI/JUNIE 2026

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1 30 PUNTE – 20 MINUTE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die werklike bedrag wat deur verbruikers op finale goedere en dienste betaal word, staan as … prys bekend.

A basiese
B huidige
C mark-
D nominale

1.1.2 Die fase in 'n sakesiklus waar die vlak van ekonomiese aktiwiteit op sy laagste is, word ... genoem.

A depressie
B resessie
C voorspoed
D herstel

1.1.3 Die vereiste om jou eie besluite en aksies te verduidelik, staan as ... bekend.

A onverskilligheid
B doeltreffendheid
C burokrasie
D aanspreeklikheid

1.1.4 'n Toename in die waarde van een geldeenheid met betrekking tot 'n ander geldeenheid, as gevolg van veranderinge in die markkragte, word ... genoem.

A revaluasie
B depresiasie
C devaluasie
D appresiasie

1.1.5 'n Vorm van welvaartsbelasting wat betaal word wanneer eiendom gekoop word, staan as ... bekend.

A hereregte
B belasting op kapitaalwins
C boedelbelasting
D aksynsregte

1.1.6 Die wêreldwye interaksie van ekonomieë met handel as 'n belangrike element word ... genoem.

A desentralisasie
B globalisering
C spesialisasie
D regulering

1.1.7 Die Nywerheidsbeleid-aksieplan is ontwerp om industrialisasie in die … sektor te laat toeneem.

A dienste-
B landbou-
C vervaardigings-
D tersiêre

1.1.8 Die aantal jare wat 'n pasgebore baba waarskynlik sal lewe, staan as ... bekend.

A kinderwanvoeding
B lewensverwagting
C mortaliteitskoers
D bevolkingsgroei (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Oordragbetalings | A | 'n toename in die hoeveelheid goedere en dienste wat in 'n land geproduseer word |
| 1.2.2 | Kitchin-siklus | | |
| 1.2.3 | Ekonomiese groei | B | behels 'n kontantaansporing om die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te bevorder om nuwe kundigheid te bekom |
| 1.2.4 | Buitelandsevaluta-mark | | |
| 1.2.5 | Embargo | C | koop en verkoop van staatseffekte om die geldaanbod te beïnvloed |
| 1.2.6 | Opemarktransaksies | | |
| 1.2.7 | Vaardigheids-ondersteuningsprogram | D | statistiese gegewens wat gebruik word om die prestasie van 'n land met betrekking tot die sosiale welstand van sy burgers te evalueer |
| 1.2.8 | Sosiale aanwyser | | |
| | | E | veroorsaak deur besighede wat hulle voorraadvlakke oor 'n periode van 3–5 jaar aanpas |
| | | F | wanneer die waarde van die geldeenheid deur die sentrale bank vasgepen word |
| | | G | geld ontvang deur huishoudings sonder dat enige produktiewe diens gelewer word |
| | | H | fasiliteer die koop en verkoop van die verskillende geldeenhede van die wêreld |
| | | I | 'n totale verbod op die invoer van spesifieke goedere vanaf 'n bepaalde land |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Besteding wat onafhanklik van die vlak van inkomste is

1.3.2 Die oordrag van funksies en eienaarskap van bates van die openbare sektor na die private sektor

1.3.3 Die verhouding van 'n land se uitvoerprysindeks tot sy invoerprysindeks

1.3.4 'n Regstellende maatreël wat beoog om 30% van die land se landbougrond aan voorheen benadeelde groepe te herverdeel

1.3.5 Basiese fasiliteite en dienste, soos padnetwerke, wat verskaf word om nywerheidsaktiwiteite te ondersteun

1.3.6 Individue vanaf die ouderdom van 15 tot 64 wat bereid en geskik is om te werk (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE vlakke (sfere) van die owerheid. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom word die batekomponent afgetrek wanneer netto direkte investering in die finansiële rekening van die Betalingsbalans bereken word? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE VERMENIGVULDIGEREFFEK**

Toenemende besteding deur die besighede en huishoudings in 'n ekonomie versterk inkomste en skep werk, wat lei tot meer geld beskikbaar vir mense om te bestee. Hierdie opeenvolgende rondte van besteding genereer selfs meer inkomste en werk, wat bykomende besteding verder bevorder. In elke rondte van besteding kan sommige van die addisionele inkomste egter in 'n tweesektor-model gespaar word.

[Aangepas uit www.TeAra.govt.nz]

2.2.1 Identifiseer 'n ekonomiese deelnemer wat die produksiefaktore besit in die uittreksel hierbo. (1)


2.2.2 Gee die formule om die waarde van die vermenigvuldiger in 'n tweesektor-ekonomie te bereken. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *vermenigvuldigereffek*. (2)

2.2.4 Verduidelik die verhouding tussen marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) en die waarde van die vermenigvuldiger. (2)

2.2.5 Hoe kan 'n toename in invoere die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Identifiseer die belastingkoers waarteen die owerheid die maksimum belastinginkomste invorder in die grafiek hierbo. (1)

2.3.2 Noem die vernaamste bron van die owerheid se belastinginkomste. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *fiskale beleid*. (2)

2.3.4 Hoe kan owerheidsbesteding gebruik word om die produksie van goedere en dienste aan te moedig? (2)

2.3.5 Waarom sal hoë belastingkoerse minder belastinginkomste vir die owerheid genereer? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek kortliks *natuurlike hulpbronne* en *klimaatstoestande* as aanbodredes vir internasionale handel. (2 x 4) (8)

2.5 Ontleed die belangrikheid van die finansiële sektor in 'n ekonomiesekringloop-model. (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e) in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom is dit belangrik om ekonomiese aanwysers in die ekonomie saam te stel? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MAATSTAFKRITERIA VIR STREEKSONTWIKKELING**




[Aangepas uit Cartoonstock.com]

3.2.1 Identifiseer die maatstafkriterium wat deursigtigheid in streeksontwikkeling bevorder in die spotprent hierbo. (1)


3.2.2 Gee die term wat na die konsentrasie van ekonomiese aktiwiteite in 'n paar stedelike gebiede verwys. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *streeksontwikkeling*. (2)

3.2.4 Verduidelik die voordeel van investering in menslike kapitaal. (2)

3.2.5 Waarom is nywerheidsontwikkeling in die ekonomie belangrik? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *SARB Kwartaallikse Bulletin*, Desember 2024]

3.3.1 Identifiseer 'n ekonomiese aanwyser wat prysveranderinge oor 'n tydperk meet in die grafiek hierbo. (1)

3.3.2 Noem die geldvoorraadaanwyser wat slegs uit banknote, munte en korttermyn-deposito's bestaan. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *repokoers.* (2)

3.3.4 Verduidelik die impak van 'n afname in arbeidsproduktiwiteit op besighede. (2)

3.3.5 Waarom vereis internasionale organisasies soos die Wêreldbank standaardisering van ekonomiese aanwysers? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks *behuising* en *verstedeliking* as sosiale aanwysers (2 x 4) (8)

3.5 Ontleed die belangrikheid van privaat-publieke-vennootskappe (PPV'e) om ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe in Suid-Afrika te implementeer. (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKROEKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE kategorieë van verbruiksgoedere. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe sal 'n progressiewe persoonlike-inkomstebelasting-stelsel inkomsteverdeling beïnvloed? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **BETALINGSBALANS (BB): 2024** | |
|---|---|
| | **R miljoen** |
| Handelsbalans (goedere) | 103 385 |
| Balans op dienste, inkome en lopende oordragte | - 215 490 |
| Kapitaaloordragrekening | 236 |
| Netto lenings aan (+)/lenings van (-) res van die wêreld | **(A)** |
| Saldo op finansiële rekening | **53 013** |

[Bron: *SARB Kwartaallikse Bulletin*, Desember 2024]

4.2.1 Identifiseer 'n term wat met skenkings en donasies verband hou in die tabel hierbo. (1)

4.2.2 Noem die kommoditeit wat apart in die lopende rekening van Suid-Afrika aangeteken word. (1)


4.2.3 Beskryf kortliks die term *Kapitaaloordragrekening*. (2)

4.2.4 Verduidelik die impak van 'n verhoging in uitvoerpryse op Suid-Afrika se handelsbalans. (2)

4.2.5 Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die waarde van netto lenings aan of lenings van die res van die wêreld **(A)** te bereken. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE GROEI- EN ONTWIKKELINGSBELEIDE**




[Aangepas uit *Business Day*, Mei 2024]

4.3.1 Identifiseer die groei- en ontwikkelingsinisiatief wat tydelike werk vir ongeskoolde arbeid verskaf in die spotprent hierbo. (1)

4.3.2 Noem die owerheidsinisiatief wat beoog het om teen 2014 werkloosheid en armoede te halveer. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling*. (2)

4.3.4 Verduidelik 'n tekortkoming van die Nasionale Vaardigheids-ontwikkelingstrategie rakende werkverskaffingsvlakke. (2)

4.3.5 Waarom is die Nasionale Ontwikkelingsplan belangrik om ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika te bereik? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek die ongelyke lewenstandaarde tussen die lande in die Noorde (ontwikkelde) en dié in die Suide (ontwikkelende). (4 x 2) (8)

4.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse owerheid die nasionale begroting gebruik om die sosio-ekonomiese regte van hulle burgers te bevorder? (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord:<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te beskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by jou inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/ Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br><br>**Addisionele deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Lei af/ Vergelyk/Onderskei/Stel voor/Interpreteer/Debatteer/Hoe<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

### VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek in detail die kenmerke onderliggend aan die vooruitskatting (voorspelling) van sakesiklusse. (26 punte)

- Ontleed die maatreëls wat gebruik kan word om totale aanbod in die ekonomie te stimuleer. (10 punte) **[40]**

### VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek in detail uitvoerbevordering as Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid. (26 punte)

- Evalueer die impak van 'n toename in invoertariewe op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*